Geopende Deure

# GEBEDSKALENDER



Mei 2026

“Wees wakker, en versterk diegene wat nog oor is, wat op die punt is om dood te gaan.”
OPENBARING 3:2

# Volg ons op die 'YouVersion Bible App'!

**Gebruik die toepassing om ons dagstukkiereekse te bekom. Laai dit hier af:**
**https://tinyurl.com/3ty4u9dt**


## Open Doors Southern Africa

Follow

Over 388 million Christians suffer persecution and discrimination.
They follow Jesus, no matter the cost. With your help, w...

More Info

### Featured Plan




Lessons From the Life of God's Smuggler - Brother Andrew
3 Days

English

### Plans

See all




7 Days
Time of Lament - Persecuted Christians...




9 Days
Arise Africa Devotional

# MEI

## MIDDE-OOSTE

### SIRIË

**Vrydag, 1 Mei**

In Sirië bly vlae van geweld uitbreek, en dikwels beland Christene in die kruisvuur of word hulle selfs geteiken. Bid vir broodnodige vrede en stabiliteit en vir oplossings om die spanning te ontlont.

**Saterdag, 2 Mei**

Die nuwe president van Sirië, Ahmed al-Sharaa, het hervormings beloof wat groter inklusiwiteit en versoening sal bied. Bid vir hom vir beide wysheid en krag om hierdie belofte na te kom.

**Sondag, 3 Mei**

Elias*, ŉ Siriese broer (op die voorbladfoto saam met sy familie), het sewe familielede verloor in verlede jaar se bomaanval op ŉ kerk in Damaskus. Hy deel: "Ons vra jou om te bid dat ons elke vyand, sigbaar of onsigbaar, en elke gedagte wat ons verhinder om God te verheerlik, sal kan weerstaan."

**Maandag, 4 Mei**

Daar is ŉ werklike vrees vir verhoogde Islamitiese radikalisering in dele van die Siriese samelewing. Bid dat die Here alle vrees sal verdryf en dat God potensiële ekstremiste eerder na Hom sal aantrek.

**Dinsdag, 5 Mei**

Elias se vrou, Hanan*, vra: "Bid dat ons veilig sal voel, ons kinders kan sien grootword en gelukkig hier kan wees. Ons moet ŉ mooi lewe lei, nie ŉ lewe van vrees nie."

**Woensdag, 6 Mei**

Christen-leiers wil nie slegs as ŉ godsdienstige

> **"Bid dat ons veilig sal voel, ons kinders kan sien grootword en gelukkig hier kan wees."**
>
> – HANAN, OORLEWENDE VAN ŉ BOMAANVAL OP ŉ KERK IN SIRIË

*Zaid, ŉ Jemenitiese kerkplanter.*



 *Name verander weens veiligheidsredes.

minderheid beskerm word nie, maar hoop om gelyke deelnemers in hul land se toekoms te word. Vra God om hierdie hoop ŉ werklikheid te maak.

**Donderdag, 7 Mei**

Dosyne Christene in Sirië het onlangs klein ondernemings begin of uitgebrei met ŉ mikrolening van Geopende Deure se plaaslike vennote. Bid dat hul ondernemings sal floreer en hul gemeenskap sal laat groei.

## JEMEN

**Vrydag, 8 Mei**

In die nasleep van ŉ staatsingryping teen Jemenitiese Christene is baie gelowiges aangehou, gearresteer en selfs tronk toe gestuur. Bid vir krag vir diegene wat ondervraging, gevangenisstraf of familiedruk weens hul geloof in die gesig staar.

**Saterdag, 9 Mei**

Bid saam met Zaid*, ŉ Christelike universiteitstudent in Jemen. Hy het ŉ plaaslike kerk begin en het ŉ visie om 40 000 huiskerke landwyd te plant. "Bid vir wysheid en beskerming terwyl ek my daartoe verbind om soos Paulus te leef," sê hy.

**Sondag, 10 Mei**

Bid vir Christen-moeders in Jemen en regoor die wêreld wat groot risiko's neem om hul kinders groot te maak om Jesus te ken en Hom te volg. Bid dat hulle guns by hul families en gemeenskappe sal vind.

**Maandag, 11 Mei**

Bid vir wysheid, insig en onderskeidingsvermoë vir kerkleiers in Jemen. Mense gee soms voor dat hulle Christene is, maar probeer die kerk afpers of vir geld uitbuit. Vra God om Sy Heilige Gees oor hul kerke en bedienings uit te stort.

**Dinsdag, 12 Mei**

ŉ Ondergrondse kerklike netwerk in Jemen vra: "Bid vir ons sosiale media-bediening en vir die span wat hard werk om dit alles te laat gebeur. Bid vir krag, beskerming, wysheid en kreatiwiteit."

**Woensdag, 13 Mei**

ŉ Ander netwerk in Jemen deel: "Bid vir eenheid in die kerk en dat die Here ons harte in opregte liefde met mede-gelowiges sal verbind. Vra God om ons kerk wysheid en moed te gee om saam te werk."

**Donderdag, 14 Mei**

Vandag is Leah Sharibu se 22ste verjaardag. Sedert Islamitiese militante haar saam met meer as 100 ander skoolmeisies in Nigerië ontvoer het, bid ons vir haar terugkeer. Toe die ander meisies vrygelaat is, is Leah teruggehou omdat sy geweier het om Christus te verloën. Bid vandag saam met haar familie.

**Vrydag, 15 Mei**

Bid vir bemoediging en hoop vir Jemenitiese gelowiges wat gekies het om in hul land te bly te midde van intense ondersoeke en vervolging. Bid dat hulle die hand van die

Here duidelik in hul lewens aan die werk sal sien.

## IRAK

**Saterdag, 16 Mei**

In Irak kan die keuse om Jesus te volg beteken dat jy jou werk verloor en werkloosheid oor die lang termyn in die gesig staar. Vra God om deure te open vir werk in veilige werkplekke.

**Sondag, 17 Mei**

Irakse pastore wat met bekeerlinge werk, loop groot risiko's vir hul bedienings. Een pastoor het gedeel: "Bid asseblief vir my en my familie dat God ons geloof sal versterk om te volhard."

**Maandag, 18 Mei**

Bid vir Luay (41), wat ŉ mikrolening van Geopende Deure se plaaslike vennote ontvang het. Hy het daarmee nuwe toerusting vir sy winkel gekoop. Hy vra ons om te bid dat God sy onderneming sal laat groei sodat hy meer mense in diens kan neem.

**Dinsdag, 19 Mei**

Bid dat die kerk met bekeerlinge vanuit ŉ Moslem-agtergrond in Irak sal aanhou groei, beide op plekke waar ŉ geheime kerk reeds bestaan en waar Christene geen ander plek het om bymekaar te kom en te groei nie.

**Woensdag, 20 Mei**

Loof God vir die seën van reën hierdie winter in Irak ná soveel droë seisoene. Boerdery is die bron van inkomste vir baie Irakse mense, insluitende verskeie generasies Christene.

**Donderdag, 21 Mei**

Bid saam met ŉ Irakse kerkleier vir Christelike jongmense. "Jongmense word verlei deur dinge wat hulle van hul geloof wegneem," sê hy. "Vra die Here om hulle terug na die waarheid te lei."

**Vrydag, 22 Mei**

ŉ Ander kerkleier, Ayat*, ervaar gesondheidsprobleme en het ons gevra om vir genesing te bid. "Bid asseblief ook dat die Here my sal versterk, my krag sal vernuwe en my genade sal gee om aan te hou om Christus te dien."

## IRAN

**Saterdag, 23 Mei**

Bid saam met die ondergrondse Kerk in Iran terwyl hulle reageer op die voortdurende hartseer en verwarring nadat meer as ŉ geskatte 38 000 mense landwyd in vanjaar se betogings dood is.

**Sondag, 24 Mei**

Ziba*, ŉ Iranse Christen, deel: "Ons wil die waarheid en hoop na ons nasie bring . . . Bid asseblief dat God ons sal wys hoe om ons gemeenskap met die hoop van Jesus lief te hê."

> **"Bid vir my en my familie dat God ons geloof sal versterk om te volhard."**
>
> **– ŉ IRAKSE PASTOOR**



*Name verander weens veiligheidsredes.*

**Maandag, 25 Mei**

Bid vandag vir Ghazal Marzban, ŉ Christelike bekeerling in Iran. Sy is een van ŉ groeiende aantal mense van godsdienstige minderhede wat weer gearresteer is. Vra God om altyd naby ons suster te wees.

**Dinsdag, 26 Mei**

Bid saam met Maryam*, ŉ Christen-vrou wat die ondergrondse Kerk in Iran dien. "Bid asseblief vir ons mense. Dit wat hulle met hul eie oë gesien en met hul eie ore gehoor het, het hulle diep geraak."

**Woensdag, 27 Mei**

Bid vir diegene wat Christene in Iran dien, wat ook geraak is deur dit wat hulle hoor en oordra. Vra die Here om hulle te beskerm en om vir hulle onderskeidingsvermoë en wysheid te gee om te weet hoe om vir leiers te bid en hulle te troos.

**Donderdag, 28 Mei**

ŉ Iranse Christen, Majid*, vra vir gebed vir sy ouers en broer. Sy broer is tydens die betogings in die tronk aangehou en aangerand. Bid vir genesing en veerkragtigheid.

*Setareh, ŉ Iranse kerkleier.*



**Vrydag, 29 Mei**

Bid saam met die Setareh* (20), wat klein dissipelskapgroepe in Iran lei. "Bid dat God vir my ŉ lewensmaat sal bring – iemand wat Sy visie en roeping met my deel."

**Saterdag, 30 Mei**

Bid vir Iraniërs, veral jongmense, wat ŉ doel en rigting soek. Vra God om mense op hul pad te plaas om hulle na Hom te lei.

**Sondag, 31 Mei**

Bid saam met Iranse Christene wat ter wille van hul geloof gevange gehou word. *"Hemelse Vader, terwyl ons ons familie in die gevangenis onthou (Hebreërs 13:3), vul hul tronkselle met U teenwoordigheid.*

**Name verander weens veiligheidsredes.*

**Geopende Deure**

Geopende Deure Afrika
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
+27 66 397 1319

VOLG ONS OP:
www.opendoors.org.za

Geopende Deure Open Doors NPC – Reg. Nr: 2004/023397/08 – PBO Nr: 930011129